



PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za

29 Mei 2020

Geagte Ouer

INLIGTINGSDOKUMENT AAN OUERS: COVID-19 VEILIGHEIDSMATREËLS

Met die verslapping van inperkingsregulasies van vlak 4 na vlak 3, beteken dit dat skole stelselmatig gaan heropen. Ons begin reeds hiermee op 1 Junie met die infassering van ons graad-7 leerlinge.

Met heropening is daar streng veiligheidsmaatreëls wat deurentyd toegepas moet word om te verseker dat ons personeel en leerders veilig is. Dit noodsaak ons om sekere volhoubare maatreëls in plek te stel.

Dit is 'n feit dat skoolgaan nie in die nabye toekoms gaan lyk soos wat enige van ons dit ken nie. Die volgende is baie belangrik voordat leerders by die skool afgelaai word:

- a) Ondersoek elke oggend voordat u skool toe kom u kind vir tekens van Covid-19 simptome soos: koors, rooi oë, asemhalingsprobleme, liggaamspyn, moegheid, verlies aan reuk of smaak, naarheid of braking.
- b) Indien u kind enigsins siek voel, hou u kind eerder tuis totdat hy/sy beter voel.
- c) Ouers moet die skool in kennis stel as 'n ouer, familielid of u kind self positief vir Covid-19 toets of in kontak was met 'n Covid-19 positiewe persoon, sodat kontakopsporing en nasionale riglyne vir self-isolering gevolg kan word.
- d) Elke ouer moet met sy/haar kinders praat oor Covid 19, die toepas van gesonde higiëne asook die verandering wat daar in hul daaglikse roetine gaan wees .

Alle persone wat die skool betree sal daaglik die voorgeskrewe protokol volg voordat hul toegang tot die skool sal verkry:

Protokol:

- Skandering met aankoms by ingang.
- Daaglikse inteken in register.
- Sosiale afstand van 1,5m moet deurgaans gehandhaaf word.
- Wanneer leerders en besoekers die terrein betree moet hulle deur die ontsmettingstonnel beweeg. Ons kan u gerusstel dat die mengsel wat gebruik word veilig is en dat alle bestanddele op die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO) se N-lys verskyn. Daar word gebruik gemaak van waterstofperoksied (H_2O_2). Na deeglike konsultasie met 'n chemiese ingenieur asook 'n mikrobioloog, het ons hierop besluit, want die veiligheid van ons kinders geniet eersterangse prioriteit.
- Daarna sal elkeen se hande ook met ontsmettingsmiddel (sanitizer) behandel word, wat ook op die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WHO) se N-lys verskyn.
- Elke persoon moet 'n masker dra wat die neus en mond bedek.

Ander voorkomende maatreëls

- Alle lokale en kleedkamers sal daaglik gesteriliseer word.

- Geen ouer/kind mag leerders by klasse gaan afhaal nie. Leerders sal na die kantoor ontbied word waar hul dan uitgeteken kan word voordat die skool verlaat mag word (buiten normale skooltye).
- Leerders sal daaglik dieselfde protokol as personeel en besoekers volg.

Hoë-risiko leerders:

Leerders met 'n bestaande mediese toestand soos, byvoorbeeld diabetes of bestaande respiratoriese toestande, soos byvoorbeeld asma, hoë bloeddruk, hartsiektes, kanker en ander immuunverswakende toestande, moet asb. die aangehegte mediese vorm voltooi en so spoedig as moontlik terug epos na beulah@tjokkies.co.za.

- Leerders sal in die saal/klaskamers alleen by 'n tafel geplaas word.
- Tafels sal 1,5m van mekaar gespaseer word.
- Alle leerders se werksomgewing, (tafel/stoel) sal daaglik ontsmet word.
- Daar word versoek dat leerders elkeen hul eie “skoon” lap saambring skool toe sodat hul self gereeld hul werksoppervlak kan reinig. Ontsmettingsmiddel sal voorsien word.
- Personeel sal aangewys word om daaglik die leerders se hande na elke pouse te ontsmet wanneer hulle die klaskamer/saal betree.
- Leerders sal op spesifieke areas wat spesiaal daarvoor uitgemerk is, in graadverband (1,5m van mekaar) aantree voordat hulle die klaskamer/saal mag betree.
- Leerders se skoolklere moet op 'n daaglikse basis gewas, gestryk of getuimeldroog word.
- Leerders sal hul sweetpakke mag dra tot daar weer oorgeskakel word na somersdrag.
- Indien 'n leerder koorsig of siek voel moet die leerder met 'n toestemmingskaartjie onmiddellik na die siekeboeg gestuur word waar die mediese beampte die leerder se koors sal neem. Indien dit bo 38° is, sal die leerder na die isolasielokaal (Jeugwerker se kantoor is daarvoor ingeruim) geneem word. Die leerder se ouer sal onmiddellik geskakel word om die leerder te kom haal.
- Geen medikasie sal gegee word nie.
- Leerders wat huis toe gestuur is, sal slegs kan terugkeer na hy of sy getoets is vir Covid- 19 of in besit is van 'n mediese sertifikaat van 'n erkende mediese praktisyn wat aandui wat die rede vir die leerders se afwesigheid was. Geen leerder met simptome sal toegelaat word om skool toe te kom nie.
- Alle persone wat in kontak was met iemand wat positief getoets het, sal in self-isolasie geplaas word vir twee weke.

Reëlings in verband met akademie

- Die nuwe akademiese program is gebou op 4 pilare:

- 1) Maksimale sosiale distansiëring. (1,5m)
- 2) Maksimale onderrigtyd. (Volgens KABV vereistes.)
- 3) Optimale volhoubaarheid.
- 4) Minimale ontwrigting. (Leerders, onderwysers & ouers)

- Alle lesmateriaal wat onder andere werkkaarte, opdragte, memorandumms en geskrewe verduidelikings insluit, sal steeds op die skool se E-platform geplaas word. Geen video-aanbiedings nie.
- Dit is egter belangrik om te onthou dat indien u die opsie oorweeg om u kind tuis te hou, die hoeveelheid werk wat op die E-platform geplaas word, aansienlik gaan vermeerder.
- Tydens die grendeltydperk het die onderwysers minimale akademiese materiaal gelaai. Wanneer die skole heropen en daar volstroom akademiese verkeer word, gaan 'n hele week se werk geplaas word. Dus dat die kwantiteit ten opsigte van inhoud, data en tydsbesteding gaan toeneem.
- Harde kopieë van alle opdragte en werkstukke sal ook uitgedeel of beskikbaar gestel word om by skool afgehaal te word op bepaalde dae wat aan u gekommunikeer sal word.
- Graad 1-3 leerline word in 6 klasse verdeel en Graad 4-7 leerlinge word in 5 klasse verdeel. Addisionele lokale word ingeruim om voorsiening te maak vir sosiale distansiëring.
- Geen groepwerk sal toegelaat word gedurende klastyd nie.
- Die leen van skryfbehoeftes onder die leerders sal nie toegelaat word nie.
- Deel van kosblikke en voedsel sal nie toegelaat word nie.
- Personeel word heringedeel volgens vakke wat gegee word.
- Klasse bly staties en personeel wissel volgens nuwe rooster.
- Remediërende onderwysers, middagpersoneel en onderwyser-assistente word by die gee van vakke betrek.
- Remediërende onderrig (RO) sal slegs in uiterste gevalle na skool vanaf 14:00-15:00 plaasvind. Betrokke ouers sal 'n afsonderlike skrywe ontvang.
- Wanneer die skool per graad begin, sal 'n basislyn toets geskryf word (nie vir assesserings-doeleindes nie) om te bepaal op watter vlak die leerders is. Die uitslae daarvan sal gebruik word om leerders wat agter geraak het te identifiseer.
- Ekstra-klasse in prioriteitsvakke sal vir hierdie leerders op Maandae tot Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00 aangebied word om agterstande uit te wis.
- Elke dag word met 'n registerperiode begin om voorsiening te maak vir die verpligte skandering van leerders.
- Alle leerders sal op hierdie stadium alleenlik van die hoofingang gebruik maak. Hierdie reëling sal geld tot verdere aankondiging.

- Hekke open amptelik om 7:00. Geen leerder sal voor 7:00 toegang tot die skool kan verkry nie.
- Grade sal op verskillende tye pouse hê ter wille van sosiale distansiëring.
- Die snoepie sal wel onder streng kontrole gedurende pouses oop wees vir verkope.
- Leerders sal daaglik soos volg verdaag om maksimale onderrigtyd te benut en om samedromming by uitgange te vermy.

Gr 1-3	-	13:00
Gr 4-6	-	13:30
Gr 7	-	14:00

Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning aan die skool.

Neels Gunter
Skoolhoof

